# EVALUERING VAN WEBTUISTES

STEFAN WEHMEYER
**Assistentdirekteur: Steundienste**

Wel, dis baie gaaf dat mens deesdae letterlik alle inligting op die Internet kan kry! Maar die vraag is net, is die inligting bruikbaar en korrek? Net soos dit belangrik is dat gedrukte bronne geëvalueer moet word, geld dieselfde vir die Internet. Onthou die Internet is nou al meer as tien jaar met ons, so daar is 'n groot moontlikheid dat verouderde en onbruikbare inligting in die kuberruimtes ronddwaal.

Ek het einde verlede jaar 'n uitstekende werkswinkel, *Focus on access: a workshop on building digital collections and services*, aangebied deur Universiteit van Kaapstad se Biblioteekskool, bygewoon. Tydens 'n praktiese sessie is riglyne verskaf vir die vinnige evaluering van webtuistes. Die kriteria kom van die webtuiste Quality Information Checklist *www.quick.org.co.uk* en is veral nuttig vir die inligtingsoeker wat onder druk inligting moet opspoor.

## *Die skrywer*

Enige iemand kan 'n webtuiste skep en beweer hy/sy is 'n kenner op die gebied. Dis nie noodwendig waar nie. Let op vir leidrade om te sien of die skrywer werklik gekwalifiseerd is om te kan sê wat hy gesê het. Die skrywer se naam verskyn gewoonlik by die titel of onderaan die webtuiste. Heel dikwels is dit die naam van 'n organisasie. As jy eers die naam het, soek verder op die webtuiste wat die outeur se 'claim to fame' is. Wat ek gewoonlik doen, is om die outeur se naam in aanhalingstekens, byvoorbeeld, "Barbara Kingsolver", op Google te soek. So kan 'n mens dan gou uitvind of die outeur 'n kenner op sy gebied is. Kyk ook of die outeur kontakbaar is, gewoonlik is daar 'n e-pos adres of telefoonnommer op die webtuiste. Partykeer, maar nie altyd nie, kan mens ook van die e-pos adres aflei of die persoon betroubaar is of nie.

## *Is die doel van die webtuiste duidelik?*

'n Goeie webtuiste sal duidelik sê vir wie dit bedoel is, waaroor dit gaan en wat dit probeer bereik.

Webruimtes word vir 'n verskeidenheid van redes geskep. Onder andere: om inligting oor 'n onderwerp te verskaf; om op te voed; om skakels te verskaf na ander webtuistes; om jou in kontak te bring met ander mense; om iets te verkoop; en dikwels om jou te vermaak.

## *Bereik die webruimte sy doelwitte?*

'n Webruimte se doelwitte mag duidelik wees, maar as dit nie doen wat dit sê dit doen nie, dan is dit van min waarde. Lees die inhoud daarvan en kyk of dit regtigwaar aan die gestelde doelwitte beantwoord. Is daar prente of diagramme wat verduidelik wat gesê word?

## *Beantwoord die webruimte my vrae?*

Met ander woorde, voldoen dit aan my behoeftes? Wat is die vlak van die inligting? Is die inligting oppervlakkig of indringend? Is daar te min inligting of te veel? Verstaan ek die inligting?

## *Kan die inligting geverifieer word?*

Onthou, as mens na 'n webtuiste kyk en daar is baie inligting en dit lyk en klink ook goed, dat mens dan sommer ook maklik sal glo dis korrek. Elke Jan Rap en sy maat kan 'n webtuiste hê, en daar is nie altyd (soos in die geval van boeke) redakteurs wat die inligting eers verifieer voor publikasie nie. Dus rus die onus daarvan op die gebruiker.

Maniere om inligting te verifieer is die volgende: Maak seker of die outeur wel gekwalifiseerd is. Is daar verwysings na ander bronne om die inligting te verifieer? Hoe vergelyk die inligting van 'n webtuiste met dié van 'n ander een? Ek kyk altyd na ten minste drie verskillende webtuistes om inligting te verifieer.

## *Wanneer is die webruimte geskep en wanneer laas is dit bygewerk?*

Die Internet is 'n uitstekende bron van inligting juis omdat dit so vinnig bygewerk kan word. Daarom behoort mens die jongste inligting op die Internet te vind. As jy inligting soek oor 'n onderwerp wat vinnig verander, is dit belangrik om te sien wanneer laas die inligting bygewerk is.

By nuus webtuistes, is die dag en tyd van aanpassing gewoonlik bo-aan die bladsy. By ander webtuistes, moet mens weet waar om te kyk om vas te stel wanneer laas dit bygewerk is. Deur Internet Explorer, kliek op File en dan Properties. Indien jy Netscape gebruik, kliek op View en dan Page Info.

## *Is die inligting partydig?*

Probeer die outeur van die webtuiste jou oorreed tot 'n sekere standpunt of word die inligting op 'n neutrale wyse aangebied? Verskaf die webtuiste voldoende inligting oor 'n onderwerp, of is die inligting eensydig. Gewoonlik is 'n webtuiste wat 'n sekere produk adverteer, eensydig.

Vir ons as inligtingsverskaffers is dit noodsaaklik dat inligting wat ons verskaf altyd onpartydig moet wees. Wees maar versigtig hier en bly 'n neutrale eiland van inligting!

## *Verskaf die webtuiste inligting oor keuses wat jy kan maak?*

Sommige webtuistes verskaf inligting. Ander poog om advies te verskaf. 'n Goeie webtuiste sal altyd alternatiewe bied. Verskaf die webtuiste genoeg inligting en keuses sodat jy jou eie opinie kan vorm? Dié aspek is veral belangrik by webtuistes wat mediese inligting verskaf.

Kortom, kom alles op die volgende neer: Die Internet (as jy 'n rekenaar en toegang het) verskaf aan baie mense toegang tot inligting oor omtrent alles, MAAR soos met alle bronne van inligting - evalueer, evalueer en evalueer.

## Bron

*www.quick.org.uk*